# DIE EENDJIENUUS


Uitgawe 23: 31 Julie 2026



**BELANGRIKE INLIGTING:**


Datums — Bl. 3

Mevrouedag — Bl. 8



# Uit die kantoor

- Die o. 13A- en o. 12A-netbalspanne het verlede naweek in Mpumalanga aan die SA Nasionale netbalkampioenskap deelgeneem en uitstekend netbal gespeel. Baie geluk aan elke dogter wat haar hart uitgespeel het en aan mev. Marida Myburgh (afrigter o.13A) en mev. Chandriné Jones (afrigter o. 12A). Oranje is ongelooflik trots op julle! Baie dankie aan mev. Celeste Viljoen en mev. Jacolene Calitz (spanbestuurders), asook mev. Natasja Geyer en me. Carmen du Plooy wat skeidsregters tydens die netbalkampioenskap was. Baie dankie aan mevv. Chandriné Jones en Natasja Geyer wat ons dogters veilig met die bussie vervoer het. Baie dankie aan ons ouers vir julle positiewe ondersteuning langs die baan! Uitslae op bladsy 5.
- Die seniorkoor het hierdie week na Drakensville getoer en het die wonderlike geleentheid gehad om saam met die Drakensberg seunskoor op te tree. Baie geluk aan ons dogters, mnr. Werner Stander (koorleier) en mev. Maretha Steyn (begeleier) met julle optrede. Julle maak ons trots. Baie dankie ook aan mevv. Anita Fourie, Celeste Viljoen, Engela le Roux, Anzel Henegan en Nadia Jansen van Rensburg wat saam gaan toer het en so mooi na die dogters omgesien het.
- Die tennisliga het dié week begin. Baie geluk aan al die tennisspanne wat pragtig tennis gespeel het. Uitslae op bladsy 4.
- Verlede Saterdag het die o. 7- tot o. 9-hokkiespanne aan Eunice se hokkiedag deelgeneem en dit baie geniet. Die o. 7 tot o. 9 hokkiespanne het gister teen JF hokkieliga gespeel. Baie geluk aan al die spanne wat pragtig hokkie gespeel het. Uitslae op bladsy 4.
- Baie geluk aan die dogters wat mooi presteer het tydens verlede Vrydag se landloopliga. Uitslae op bladsy 4. Vanmiddag vind die laaste landloopliga plaas.
- Baie sterkte aan die o. 13-tennisspanne wat volgende week aan die Limodo tennistoernooi in Bethlehem gaan deelneem.
- Baie sterkte aan ons leerders wat die volgende 2 weke aan die Vrystaat se Kunswedstryd: Musiek en kore gaan deelneem.
- Volgende Vrydag, 7 Augustus, verdaag die skool om 12:00 as gevolg van die langnaweek. Sondag, 9 Augustus, is dit Vrouedag en Maandag, 10 Augustus, is dit 'n publieke vakansiedag.

# BELANGRIK

| | |
|---|---|
| 31 Julie: | Tannie Rita verjaar<br>Landloopliga 7 |
| 1 Augustus: | Juniorkoor tree op by Pellisiergemeente se familiefees 08:00 |
| 3 Augustus: | Vrystaatse Kunswedstryd: Musiek<br>Leerderraadvergadering 17:00<br>Tennisliga A: OMS 1 vs Eunice<br>Fichardtpark vs OMS 3<br>Willem Postma vs OMS 2<br>Tennisliga B: SPS vs OMS 4<br>Hokkieliga: JF (o.10-o.13) |
| 4 Augustus: | Voedselprojek Gr. 7B<br>Spelkompetisie: Gr. 4 gaan McDonalds toe<br>Vrystaatse Kunswedstryd: Musiek<br>Limodo o. 13-tennistoernooi vertrek<br>Public Speaking Sportlokaal |
| 5 Augustus: | Spelkompetisie: Gr. 1 gaan McDonalds toe<br>Vrystaatse Kunswedstryd: Musiek<br>Limodo o. 13-tennistoernooi |
| 6 Augustus: | Voedselprojek Gr. 7C<br>Spelkompetisie: Gr. 2 gaan McDonalds toe<br>Vrystaatse Kunswedstryd: Musiek<br>Limodo o. 13-tennistoernooi<br>Hokkieliga: PBS (nie o.12A en o. 13A nie) |
| 7 Augustus: | Mevrouedag - Bring enige wol (vrywillig)<br>Skool verdaag 12:00<br>Vrystaatse Kunswedstryd: Musiek<br>Limodo o. 13-tennistoernooi |
| 8 Augustus: | Limodo o. 13 tennistoernooi |
| 9 Augustus: | Vrouedag |
| 10 Augustus: | Publieke vakansiedag |

# HOKKIE

Eunice hokkiedag, 25 Julie:

| Span | Wedstryde gespeel | Wen | Gelykop | Verloor |
|---|---|---|---|---|
| o.7A | 6 | 6 | - | - |
| o.7B | 6 | 6 | - | - |
| o.7C | 5 | 5 | - | - |
| o.8A | 6 | 4 | 1 | 1 |
| o.8B | 6 | 6 | - | - |
| o.8C | 6 | 5 | - | 1 |
| o.9A speel teen o.10 | 5 | 3 | - | 2 |
| o.9B speel teen o.10 | 6 | 3 | 2 | 1 |

Baie dankie aan al ons eendjies wat so mooi hokkie gespeel het. Ons is baie trots op julle.

Ligawedstryde teen Willem Postma, Maandag, 27 Julie:

| Ouderom | OMS | WP |
|---|---|---|
| o.12A | 1 | 0 |
| o.13A | 5 | 0 |

Ligawedstryde teen Jim Fouché, Donderdag, 30 Augustus:

| Ouderdom | OMS | WP |
|---|---|---|
| o.7A | 7 | 0 |
| o.7B | 7 | 0 |
| o.8A | 7 | 0 |
| o.8B | 4 | 0 |
| o.8C | 7 | 0 |
| o.9A | 7 | 1 |
| o.9B | 7 | 0 |

Speel: 9 wedstryde
Wen: 9
Doele vir: 52
Doele teen: 1

# LANDLOOP

Drie-en-veertig eendjies het deelgeneem aan die vierde landloopliga wat by die Universiteit van die Vrystaat plaasgevind het. Daar was altesaam 690 deelnemers oor die verskillende ouderdoms-kategorieë. Die volgende leerders het 'n top 10-plek in hul onderskeie ouderdomsgroepe behaal:

Dogters onder 13 jaar, 3km:

| | | |
|---|---|---|
| Aligra Nell | 4de | 13,38 |
| Ariana de Wet | 5de | 13,45 |
| Almé Bornman | 10de | 15,45 |

Dogters onder 12 jaar, 3km:

| | | |
|---|---|---|
| Z'ney Piechaczek | 2de | 12,51 |
| Kaylin Blair | 4de | 13,48 |
| Tené Venter | 5de | 13,55 |
| Miné Zietsman | 8de | 14,47 |

Dogters onder 11 jaar, 3km:

| | | |
|---|---|---|
| Elmaré Naudé | 1ste | 12,40 |

Dogters onder 10 jaar, 2km:

| | | |
|---|---|---|
| Lenike van den Berg | 4de | 8,55 |
| Naomi Malan | 7de | 9,35 |
| Lara Goosen | 9de | 9,55 |

Dogters onder 9 jaar, 2km:

| | | |
|---|---|---|
| Aïla Cilliers | 2de | 9,16 |
| Leah Venter | 4de | 10,10 |
| Skye Futter | 5de | 10,13 |

Dogters onder 8 jaar, 1km:

| | | |
|---|---|---|
| Mienke Fouché | 1ste | 4,42 |
| Debi van Biljon | 4de | 5,05 |
| Ava Goosen | 7de | 5,11 |

# TENNIS

Op Maandag, 27 Julie het die tennisliga vir die o.13 dogters begin.

OMS 1 speel teen OMS 2 en wen met 41 spelle.
OMS 3 speel teen Eunice 1 en verloor met 19 spelle.
OMS 4 speel teen Trompsburg en wen met 3 spelle.

Dogters het baie mooi gespeel. Geluk aan elke dogter.

# SPORT

# Netbal

SA Nasionale netbalkampioenskap:

Die o.12A- en o.13A-netbalspanne het vanaf 21-25 Julie aan die SA Nasionale netbalkampioenskap te Middelburg gaan deelneem. Die dogters het baie wedstryde gespeel gedurende die drie dae. Netbal van hoogstaande gehalte is gespeel en hulle moes te alle tye hard werk en gefokus bly om tot die beste van hul vermoë te speel. Al twee die spanne het nooit moed opgegee nie en het aanhou speel tot aan die einde van elke wedstryd.

Die o.12A-span behaal 'n 22ste plek en die o.13A-span behaal 'n 21ste plek op die kampioenskap. Baie geluk aan juffrou Chandrine (o.12) en juffrou Marida (o.13) vir die mooi netbal wat deur die dogters gespeel is. Om aan die kampioenskap te kan deelneem is 'n groot prestasie. Oor die 2000 spanne neem aan die netballiga deel, waarvan slegs 95 spanne na die SA's kom. Dankie aan juffrou Jacolene (o.12) en juffrou Celeste (o.13) wat die spanbestuurders was en juffrou Natasja (o.13) en juffrou Carmen (o.12) wat as skeidsregters opgetree het. Dit was vir elkeen van ons 'n voorreg om deel te kon wees van die ervaring. Dankie vir juf. Adrie (Skoolhoof) en die ouers van Oranje wat die spanne langs die baan ondersteun het gedurende elke wedstryd. Die twee busbestuurder wil ons ook bedank, juffroue Chandrine en Natasja, want dis 'n reuse verantwoordelikheid. Oranje is trots op ons kinders, juffrouens en ouers!

Die uitslae was as volg:

o.12

| | Oponente | Uitslag | Telling |
|---|---|---|---|
| 1 | OMS vs Constantie park | Wen | 8-6 |
| 2 | OMS vs Oosskool | Gelykop | 7-7 |
| 3 | OMS vs Phillipvale | Wen | 15-7 |
| 4 | OMS vs Durbanville | Verloor | 5-7 |
| | Uitspeelwedstryde: | | |
| 5 | OMS vs Nelspruit | Verloor | 12-6 |
| 6 | OMS vs Albertyn | Wen | 15-4 |
| 7 | OMS vs Truida Kestell | Verloor | 10-5 |



o.13

| | Oponente | Uitslag | Telling |
|---|---|---|---|
| 1 | OMS vs Oosskool | Gelykop | 8-8 |
| 2 | OMS vs Olympic | Wen | 17-5 |
| 3 | OMS vs Eikestad | Verloor | 5-14 |
| 4 | OMS vs Rynfield | Wen | 12-10 |
| | Uitspeelwedstryde: | | |
| 5 | OMS vs Durbanville | Verloor | 5-8 |
| 6 | OMS vs Stulting | Wen | 14-12 |
| 7 | OMS vs Lydenburg | Wen | 12-9 |



Stadsliga: o.12 - 2de en o.13 - 1ste

Vrystaat: o.12 + o.13 - 3de

Suid-Afrika: o.12 - 22ste en o.13 - 21ste



# Tennis

Die Noord-Kaap Mini 3 Tennistoernooi het die afgelope naweek in Kimberley plaasgevind. Nina van Veijeren het deelgeneem en die volgende prestasies behaal:

| | | |
|---|---|---|
| Dogters onder 12 jaar | Enkels | 1ste |
| Dogters onder 12 jaar | Dubbels | 2de |

# Redenaars

Op 28 Julie het die eerste ronde van die Con Spirito Redenaars plaasgevind. Maya Holtzhausen het deelgeneem en die volgende prestasie behaal:

Redenaars eerste taal: voorbereid A++ (90%)

# Koortoer

Die seniorkoor het die afgelope week na Drakensville getoer en saam met die Drakensberg seunskoor opgetree. Baie geluk aan ons dogters, mnr. Werner Stander (koorleier) en mev. Maretha Steyn (begeleier) met julle optrede. Baie dankie ook aan mevv. Anita Fourie, Celeste Viljoen, Engela le Roux, Anzel Henegan en Nadia Jansen van Rensburg wat saam gaan toer het en so mooi na die dogters omgesien het. Dit was baie spesiaal en die dogters het elke oomblik geniet!

# Perdry

Die SANESA Vrystaat-derde kwalifiserende byeenkoms vir die 2026 Equestrian-seisoen het op 25 en 26 Julie 2026 by die Bloemfontein Equestrian Sentrum plaasgevind. Die volgende dogters het deelgeneem:

o. 9:

| | | |
|---|---|---|
| Lika Jordaan: | Jumping, 30 cm, ideal | 1ste |
| | Jumping, 30 cm, clear | 2de |
| Kiara van der Merwe: | Dresseer, toets 4 | 1ste |
| | Dresseer, toets 5 | 1ste |
| Inke Krüger: | Ponie Jumping 80cm | 1ste |
| | Jumping, 80cm | 2de |
| | Ponie Jumping 70cm | 1ste |
| | Jumping 70cm | 1ste |
| | Fox hunter, 70cm | 3de |
| Marina Marx: | All: Show Riding, vlak 3 | 1ste |
| | Child rider: | |
| | Dresseer, Novice, vlak 1, toets 2 | 2de |
| | Dresseer, Novice, vlak 1, toets 3 | 2de |
| | Horse class: | |
| | Dresseer Free Style, Novice, vlak 1 | 2de |
| Zané Buys: | Horse class Show jumping. 60cm | 1ste |
| | Horse class Working riding | 3de |
| Ariana de Wet: | Horse class: Equitation | 1ste |
| | Horse class: Dresseer | 2de |
| | Horse class: Hunter | 3de |
| | Horse class: | |
| | Show Jumping Accumulator | 2de |
| | Horse class: | |
| | Show Jumping Speed | 2de |






# Algemeen

PRIMÊRE MEISIESKOOL ORANJE

# Mevrouedag

## VRYDAG, 7 AUGUSTUS



**DOGTERS MAG**
*soos mevroue*
**AANTREK.**

**DIE DAG IS GRATIS**
alhoewel enige vrywillige
**WOL-DONASIES**
waardeer sal word.

**DIE DONASIES WORD GESKENK AAN**
*Knitty Gritters*
om truie te brei vir minder bevoorregte kinders.

**WOL KAN NA**
*jou registerjuffrou*
**GESTUUR WORD.**





# Gedagte vir die week

Dade wat eerlik en opreg is openbaar jou karakter. Nie net wat jy sê nie, nie net jou voornemens nie, ook nie om 'n meerderwaardige oordeel oor al die korrupsie van die dag uit te spreek nie. Maar wel jou dade. Elke dag se optrede. Ook daar waar niemand weet wat jy doen nie. Waar daar nie 'n juffrou of ouer is wat oor jou skouer loer nie.

Waarom is daar so skaarste aan eerlikheid"? Dit is so skokkkend om telkens te hoor van nog 'n skelmstreek wat aan die lig kom of van "eerbare" mense wat die kortpad kies eerder as die eerlike roete. Dat omkopery of kul met jou belastingvorm se invul as "algemeen aanvaarbaar" beskou word.

Selfs jongmense word geken aan wat hulle doen. Jou dade wys wie jy is,
wat jou morele waardes is, eintlik nog dieper - wat jou verhouding met die Here is.
Ons Here is getrou en opreg, hou Hom aan sy woorde en beloftes,
is gister en vandag en ewig dieselfde.
So lei Hy ons op ons pad. Wanneer 'n jongmens eerlik en opreg is,
skitter sy dade daarvan.

Ouers het so groot verantwoordelikheid om die jonger geslag deur woord en daad die eerlike pad te wys. Om met integriteit voor te loop. Om teen die stroom in keuses te maak vir wat in ons Here se oë korrek is. Getrouheid is 'n vrug van die Gees.

Hoe wonderlik is dit nie om jou te bevind in kringe waar die dade gekenmerk word deur waardes wat uit 'n hart kom wat deur reinheid oorheers word nie. Kies jou vriende reg. Moedig mekaar aan om die reguit pad te loop. Wees mekaar se rentmeesters. Gee erkenning op plekke in ons gemeenskap, waar jy sien dat eerlikheid en getrouheid die botoon voer.

*Spreuke 20:11*
*Selfs 'n jongmens word geken aan wat hy doen,*
*uit sy optrede blyk of hy eerlik en opreg is.*

# Lief en leed

Ons bid Grace Dippenaar 'n spoedige herstel toe na haar operasie. Ons is dankbaar alles het goed afgeloop.




# Advertensies


PRESENTED BY
Elna vd Walt
Aladdin
STAGE PRODUCTION FOR YOUNG AND OLD
Sand du Plessis Theatre
20 & 21 November 2026
TICKETS AVAILABLE ON
www.webtickets.co.za OR ANY PICK N PAY STORE